# *Purim* – te vier of te vermy

Ons is tans in die twaalfde maand, ook in Skrif bekend as *Adar*. Volgens die boekrol van *Ester*, is dit die maand waarin 'n algehele uitwissing van die Hebreeuse volk sou plaasvind op die dertiende dag van die maand. Hierdie was 'n instelling wat gemaak is deur koning *Achashverosh*, op aandrang van sy raadgewer, *Haman*. *Achashverosh* was die heerser van die gebied waar die volk op daardie stadium in ballingskap was as gevolg van hul ongehoorsaamheid teenoor *YAH* se *Torah*. Die volk het egter deur 'n tweede verordening van die koning toestemming gekry om hulself te verdedig en op die veertiende dag van die maand 'n ernstige slagting onder hul vyande veroorsaak. Volgende week, met sononder van dag een, breek 'n herdenking van hierdie dag van oorwinning aan en word dit ook so aangedui in ons jaarlikse leesplan, waartydens ons die volledige boekrol van *Ester* deurlees.

Elkeen van ons wat christendom verlaat en verruil het vir die Weg van Waarheid, besef hoe ernstig *YAH* is aangaande afgesonderde gebeurlikhede wat Hy vir ons nie net voorgeskryf het nie, maar ‘n verpligting op ons plaas om dit gereeld te herdenk. Sewe feeste in drie groepe, alles in getalle wat duidelik uit Skrif kom. Wat ons gewoonlik van christendom hoor is: “Jammer, maar hierdie is net vir die ‘Jode’...”

Is dit nie die teenkanting waarna ons gereeld, tot vervelens toe, moet luister nie? *Pesach* is net vir die Jode; ons vier Paasfees. Dit werk veral goed wanneer ons sien hoe die hasies gekleurde eiers lê en die henne sjokolade hasies voortbring! *Shabbat* is net vir die ‘Jode’. Die gesonde voedselreëls in *Vayiqra* 11 en *D’varim* 14 is net vir die ‘Jode’. Gee my asseblief 'n lekker spek-en-eiers ‘brekkie’, dankie. Laat dit dan so wees, want vandag wil ek graag 'n uitdaging rig aan elke mens op hierdie aarde. Indien hierdie sewe feeste en herdenkings, asook die gesondheidsreëls rakende voedsel net vir die ‘Jode’ is, bewys asseblief uit Skrif waar *YAH* 'n fees van krismis, selfs ‘xmas’, ingestel het net vir die ‘christene’. Ek sal persoonlik **EEN MILJOEN ZAR** in daardie persoon se bankrekening inbetaal wanneer daardie onteenseglike bewys vanuit die oorspronklike manuskripte voor my lê.

Die heidense mens, in sy ek-is-slimmer-as-God mentaliteit, het besluit om vir homself 'n fees te skep wat so goed lyk, omdat ek Jesus se ‘verjaardag’ vier en in goedhartigheid geskenke (wat die ontvanger nie noodwendig wou hê nie) uitdeel aan ander mense. Gewoonlik word dit gekoop met geld wat vir iets anders aangewend moes word. Met n soortgelyke mentaliteit het baie Hebreërs destyds Skrif verdraai en 'n fees vir hulself ingestel het wat nie deur *YAH* verorden is nie. Ons leer uit Skrif:

> *Ester* 9 [25]Toe *Ester* voor die koning gekom het, het hy laat neerskryf: “Laat die bose plan wat teen die *Y’hudah*iete gesmee is, terugkeer op die kop van hom wat hulle beplan het en laat hy (*Haman*) en sy seuns aan die galg opgehang word;” [26]daarom noem hulle dié dae *Purim*, volgens die woord *pur* (lot). As gevolg van al die woorde van die brief en wat hulle aangaande die saak gesien het en wat oor hulle gekom het, [27]**het die *Y’hudah*iete dit vasgestel vir hulleself en hulle nageslag** en vir almal wat by hulle sou aansluit sodat hulle nie sal faal om hierdie twee dae te hou nie volgens wat geskryf is en volgens die vasgestelde tyd elke jaar [28]en dat hierdie dae onthou en gehou moet word deur al die geslagte in elke provinsie en stad en dat hierdie dae van *Purim* nie ophou onder die *Y’hudah*iete nie en hulle herdenking nie ophou onder hulle nageslag nie. (nadruk bygevoeg)

Die woorde wat ons hier lees, is slegs 'n herdenking van 'n vreugdevolle gebeurtenis waarin die lewens van baie Hebreërs (*Y’hudim*) gespaar is. Uit dankbaarheid sou dit elke jaar in herinnering geroep word, iets waarmee in beginsel niks verkeerd is nie. Baie mense is *YAH* dank verskuldig vir 'n nuwe lewensjaar op aarde, 'n huweliksherdenking, terwyl sommige so ver gaan as om die datums waarop hulle van bo gebore is, in herinnering te roep. Skrif waarsku ons geensins teen enige van hierdie dinge nie. Die vraag bly egter: indien ons hierdie jaarlikse gebeurtenisse in herinnering wil roep, selfs herdenk, waarom nie *YAH* se afgesonderde feeste nie?

Versnel ("fast forward") na vandag, sien ons 'n heel ander prentjie aangaande *Purim*. Die 'Jode' van vandag hou die mees uitspattige partytjies, veelkleurige klere, maskers, met dronkenskap wat alle verstand te bowe gaan. Moontlik het ons Skrif nie goed genoeg bestudeer nie, maar elke jaar, tydens die herdenking van *Purim*, lees ons die volledige tien hoofstukke van die boek *Ester* en nêrens word enige van hierdie uitspattighede genoem nie, slegs intense opgewondenheid en dankbaarheid.

Ons Vader het nooit die gebruik van alkohol verbied nie, maar Hy verbied wel die misbruik daarvan, net soos met kos en enige ander vreugdevolle ervaring wat Hy die mens gegee en toegelaat het. Ons daag enigiemand uit om 'n oppervlakkige soektog op die internet te begin rondom die uitspattighede van *Purim* en dit volgens Skrif te bevestig of goed te keur – dit bestaan eenvoudig nie. Net soos baie mense hulself probeer regverdig met 16 desember se 'geloftedag', is daar geen opdrag in Skrif wat ons noop om 'n positiewe gebeurtenis elke jaar in herinnering te roep nie. Meeste hiervan gaan meer oor die menslike ego as enigiets anders.

Die feit dat hierdie gebeurtenis in Skrif opgeteken is en wêreldwyd deur 'Jode' gevier word, regverdig steeds nie die vieslike uitspattighede waarmee dit gepaard gaan nie. Daar is geen probleem om 'n afgesonderde byeenkoms bymekaar te roep nie waartydens *YAH* geëer en gedank word vir Sy voorsiening deur *Ester* bewus te maak van die menseslagting wat sou plaasvind. Selfs ons, as nie-'Jode', kan deel hê daaraan en *YAH* dank vir die uitkoms wat hierdie mense gegee is. Indien hulle uitgeroei is, sou ons nooit *Yeshua* as verlossing gehad het nie, maar gelukkig word *YAH* nie onkant gevang nie. Die vieringe hoef egter nie met misbruik van drank, kos, uitspattige kleredrag, gefuif en ander geraas gepaard te gaan nie. Selfs net 'n dankgebed sou genoeg wees, moontlik 'n kettinggebed voor 'n aansit maaltyd.

Die manier waarop *Purim* deesdae gevier word deur diegene wat veronderstel is om nageslag te wees van hulle wat deur die wildernis deur *YAH* beskerm en versorg is, laat veel te wense oor en bring selfs Sy Karakter en Outoriteit in gedrang – iets wat neig aan skending van die derde Woord (gebod).

Ons het *Purim* ingebring op ons jaarlikse leesplan vir die eenvoudige rede dat dit in herinnering geroep word en ook om deel te wees van hoe ons Skrif binne een jaar deurwerk. Dit is nie daar om mense op te sweep om buitensporige gedrag aan te wakker of op te tree soos die 'Joodse' hansworse nie, tensy jy wil oefen vir 'n plek in 'n nuwe sirkustent. Net soos ons *YAH* elke dag dank vir Sy voorsiening van voedsel, gesondheid, vaardighede en dies meer, dank ons Hom vir die mense wat gespaar is deur *Ester* se gehoorsaamheid om met die waarheid vorendag te kom. Dit is derhalwe dan ook ons plig om *YAH* te dank vir wie en wat ons is, waar ons is, vir Wie Hy is, vir die verlossing wat ons deur Sy seun *Yeshua* gekry het.

Ons plaas een skakel[1] hier om aan te toon hoe 'n byna 'gemoedelike' atmosfeer geskep kan word tydens herinnering aan hierdie tydperk soveel jare gelede. Dit staan elkeen egter vry om op te tree soos hulle wil, maar onthou dat elke besluit 'n nagevolg sal hê. Gaan jy *Purim* vier, vermy, of dit slegs met dankbaarheid teenoor *YAH* in herinnering roep?

Hein Zentgraf

9 *Adar* 5786
25 februarie 2026

1 https://www.ifcj.org/learn/jewish-holidays/what-is-purim